

Dinsdag 19 Julie

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-6; HK Sondag 18, Vraag 49

Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:1

Christus is ons Voorspraak by die Vader

Vir die Christus is daar wonderlike voorregte aan die hemelvaart van Christus verbonde. Die eerste wat ons belydenis noem, is dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ons weet wat dit beteken om hier op aarde onder mense 'n voorspraak te hê: 'n persoon wat vir jou by ander kan intree. Christus is nou ons Voorspraak by die Vader. Die Skrif leer ons dit baie duidelik as in 1 Johannes 2:1 gesê word: *“En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons Voorspraak by die Vader”* (vgl. ook Rom. 8:34; Heb. 7:25; NGB art. 26; DL 5:8).

Christus het sy duurgekoopte bruid nie met sy hemelvaart vergeet nie, maar tree vir haar in by die Vader. Wie kan dit beter doen as Hy? Hy ken ons met al ons swakhede en probleme. Hy was immers ook met ons menslike natuur hier op aarde. Ook is Hy met al die versoekings versoek waarmee ons versoek word. So het ons dus die invloedrykste, maar terselfdertyd die simpatiekste Voorspreker of Advokaat. Daarby dra Christus se voorspraak nie die karakter van 'n wens of 'n begeerte nie, maar dié van 'n eis. Daarom kan Hy self sê: *“Vader, Ek wil hê ...”* (Joh. 17:24). Christus mag dit eis op grond van sy verdienste aan die kruis. So tree Hy vir ons in as ons oortree het. As ek vir die soveelste keer gesondig het, ontrou gewees het, aan God ongehoorsaam was en Hom beledig het, nie sy beeld vertoon het nie, maar eerder die beeld van die duiwel, dan gaan staan Jesus voor sy Vader en pleit: *Vader, moenie kwaad word vir hom of haar nie. Ek het eenmaal u toorn aan die kruis gedra en daarmee is ook hierdie sonde versoen.* Hy bid vir ons as ons in groot haas gebede onnadenkend aframmel sodat dit die naam van gebed nie waardig is nie. Hy bid vir ons as ons soms ver van God afdwaal soos die verlore seun en nie eers aan ons sondes wil dink nie. Hy bid vir ons selfs as ons opgehou het met bid. Hy bid vir ons as ons soms eensaam worstel in 'n stryd waarin geen mens ons kan help nie. Soos Hy vir Petrus gebid het dat sy geloof hom nie sal begewe nie (Luk. 22:32), so bid Hy nou ook vir ons. Behalwe dat Hy vir ons bid, reinig Christus as Voorspraak ook ons gebede deur sy bloed, anders sou dit vanweë die sondige onreinheid wat daaraan verbonde is, nooit deur die Vader verhoor word nie. So maak Hy deur sy voorbidding op grond van sy versoeningswerk dit moontlik dat God ons gebede kan verhoor. Daarom moet ons juis na die hemelvaart van Christus tot die Vader bid in sy Naam, soos Hy ons ook geleer het om te doen (Joh. 14:13, 14).